SKOOLDRAG

Belangrike reëls i.v.m. skooldrag van Hebron Christenskool.

Maak seker dat u vertroud is hiermee.

Skooldrag word by Mini Me aangekoop.

Uiteensetting van skooldrag en bykomstighede:

<table>
<tr><th colspan="2">SOMERDRAG</th></tr>
<tr><th>Dogters</th><th>Seuns</th></tr>
<tr><td>• Kortmou of moulose gholfhemp
• ‘Scooter skirt (Wrap)’ (nie korter as middel van die bobeen nie)
• Kaalvoet, vlootblou plakkies of ‘crocs’ of wit tekkies (sien winterdrag) en wit kouse
• Geen anderskleurige plakkies of ‘crocks’ mag gedra word nie</td><td>• Kortmou of moulose gholfhemp
• Kortbroek
• Kaalvoet, vlootblou plakkies of ‘crocks’ of wit tekkies (sien winterdrag) en wit kouse
• Geen anderskleurige plakkies of ‘crocks’ mag gedra word nie</td></tr>
<tr><th colspan="2">WINTERDRAG</th></tr>
<tr><th>Dogters</th><th>Seuns</th></tr>
<tr><td>• Langmou of kortmou gholfhemp
• Vlootblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui
• Volledige sweetpak (geen rekke om enkels van broeke)
• Reënbaadjie wanneer nodig
• Slegs vlootblou serpe
• Kort (wit / vlootblou) kouse wat bokant die tekkie omslaan (geen “wegsteek”-kouse)
• Tekkies: Wit met vlootblou (Geen modetekkies en -kouse nie!)</td><td>• Langmou of kortmou gholfhemp
• Vlootblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui
• Volledige sweetpak (geen rekke om enkels van broeke)
• Reënbaadjie wanneer nodig
• Slegs vlootblou serpe
• Kort (wit / vlootblou) kouse wat bokant die tekkie omslaan (Geen “wegsteek”-kouse)
• Tekkies: Wit met vlootblou (Geen modetekkies en -kouse nie!)</td></tr>
<tr><th colspan="2">LIGGAAMSOEFENINGE EN SPORT</th></tr>
<tr><td colspan="2">• Bogenoemde skooldrag word ook gedra tydens liggaamsoefeninge en mét wit tekkies (sien winterdrag) vir sport.
• Dogters mag seunskortbroeke dra vir sport indien hulle dit verkies.
• Wedstryde se kleredrag sal voor die wedstryd bekend gemaak word.
• HCS-pette/-hoede is te koop by Mini Me. Dit word tydens die atletiek-byeenkomste en uitstappies gedra, en is verkieslik vir die nuwe graad 1’s omdat dit dikwels baie warm is.</td></tr>
</table>

UITREIKE / UITSTAPPIES

Tydens uitstappies gedurende die somer moet leerlinge somerdrag dra mét wit kouse en wit tekkies (sien winterdrag) of vlootblou 'crocks'. Indien dit koel is, mag 'n sweetpakbaadjie of volledige sweetpak gedra word – geen 'crocks' mag dan gedra word nie, slegs voorgeskrewe tekkies.

HAARBYKOMSTIGHEDE VIR DOGTERS

Indien die hare oor die kraag hang, moet dit vasgemaak word.
Indien die hare in die oë hang, moet dit vasgesteek word of 'n 'Alice-band' moet gedra word.
'Alice-bands', 'scrunchies', haarrekkies en rekkies met balletjies: Vlootblou.
Haarknippies: Vlootblou of die gewone knippies (swart of silwer).

OORRINGE / GRIMERING

Slegs goue of silwer 'studs' of 'sleepers'. Slegs een oorring per oor word toegelaat.
GEEN GRIMERING EN NAELLAK NIE! (Ook nie saam met gewone klere/ 'civvies' nie.)

SEUNS – HARE

Hare mag nie aan hul ore of krae raak nie, en die hare voor hul ore ('sidies') mag net tot middel van oor kom, en nie tot by oorbel of langer nie.
LET WEL: Geen modestyle nie.

SPESIFIKASIES

1. Alle klere moet asseblief duidelik gemerk wees.
2. Hoewel die skool aanbeveel dat leerlinge somer- of winterdrag dra volgens die seisoen waarin ons ons bevind op 'n gegewe tyd, mag hulle self kies.
3. Indien dit vir 'n leerling op 'n bepaalde dag onmoontlik is om by die skooldragreëls te hou, bv. weens 'n besering of ander onvermydelike omstandighede, moet ouers asseblief 'n briefie stuur.

LET WEL
Leerlinge moet te alle tye streng volgens óf winter- óf somerdrag aantrek.
Wanneer winterdrag aangetrek word, moet sokkies en tekkies aangetrek word!
Hulle mag nooit 'n langbroek aantrek sonder tekkies nie!

(Onderhewig aan verandering)